MOEDERTAALONDERRIG
10 VRAE EN ANTWOORDE

Ek wil net die beste hê vir my kind. Wat staan my te doen ten opsigte van die taal waarin hy/sy onderrig word?

1

V: Moet my kind in Engels skoolgaan om Engels te leer?

A: Nee, jou kinders kan in hul moedertaal skoolgaan en Engels as 'n vak neem en so Engels leer. Kinders wat in hul moedertaal onderrig word, leer Engels (of 'n ander tweede taal of derde taal) baie makliker aan as diegene wat nie in hul moedertaal leer nie. Die suksesresep is om die kinders in hulle sterkste taal te laat leer, want dit stel hulle in staat om 'n tweede of derde taal vinnig te bemeester. Aan die begin sal hulle dalk die tale 'n bietjie meng, maar dis 'n fase wat vinnig verbygaan.

2

V: Is dit nie beter om my kind liewers in Engels groot te maak, sodat sy/hy Engels ordentlik kan praat nie?

A: Kinders wat nie in hul moedertaal leer nie, het meer moeite in 'n veeltalige omgewing. As jou moedertaal sterk ontwikkel is, kommunikeer jy dikwels beter in 'n tweede of selfs derde taal. Kommunikasievaardigheid in meer as een taal kom handig te pas in enige werksomgewing.

3

V: Afrikaans op tersiêre vlak is onder druk en word nog net by die Noordwes- Universiteit se Potchefstroomkampus, Stellenbosch, Vrystaat, Pretoria en Akademia gebruik. Maak dit sin om jou kinders na 'n Afrikaanse skool te stuur?

A: Kinders wat in hul moedertaal skoolgaan en Engels as vak neem, praat uiteindelik 'n baie goeie huistaal EN Engels. Omdat hulle in hul moedertaal skoolgaan, presteer hul beter en kry makliker toegang tot universiteit. Omdat hulle in hul moedertaal geleer het, het hul 'n dieper begrip en vaar hulle oor die algemeen beter op universiteit.

4

V: Gee ek my kind 'n voorsprong deur hom/haar in 'n Engelse klas te plaas?

A: Kinders leer stadiger in 'n taal wat nie hulle moedertaal is nie. Hulle onderpresteer en ontwikkel dikwels 'n agterstand wat hulle nooit inhaal nie. Kinders wat in 'n tweede taal skoolgaan word dus juis benadeel. Dit is dikwels vir ouers en familielede moeiliker om die kinders met hulle skoolwerk te help.

5

V: Verwar dit my kind as hulle meer as een taal moet leer?

A: Nee wat! Dis is al oor en oor bewys dat kinders maklik meer as een taal aanleer terwyl hulle groot-word. Die suksesresep is om die kinders in hulle sterkste taal te laat skoolgaan, want dit stel hulle in staat om 'n tweede of derde taal vinnig te bemeester. Aan die begin sal hulle dalk die tale 'n bietjie meng, maar dis 'n fase wat vinnig verbygaan. Dis nietemin makliker vir die ouer om die kind in die moedertaal groot te maak.

6

V: Benadeel 'n aksent my kind?

A: Nee. Enige twee- of veeltalige persoon het 'n aksent. 'n Aksent is geen aanduiding van 'n persoon se taalvaardigheid nie.

7

V: Is dit waar dat kinders in Engelse skole beter vaar as kinders in ander skole?

A: Die statistieke sê iets anders. Kinders wat in hul moedertaal leer presteer beter.

8

V: Ek praat nie standaard- of 'keurige' Afrikaans nie en ek wil hê my kind moet ten minste een taal ordentlik praat.

A: Jou taal is wie jy is. As jy dit verwerp, dan verwerp jy jou identiteit. Hoe jy ook al jou taal praat, dit is JOU taal en die taal waarin jou kind die beste en maklikste gaan leer!

9

V: Ons praat verskillende tale in ons huis. Watter een is nou die moedertaal?

A: Kinders kan verskillende tale wat in 'n gesin gebruik word vanaf 'n vroeë stadium onderskei en word nie daardeur verwar nie. Die skielike uitsluiting van een van daardie tale sal hulle eerder verwar. Dit gee kinders juis 'n gevoel van uitsluiting uit die familie, wat hulle selfvertroue kan benadeel. Laat leer jou kind in sy of haar sterkste taal!

10

V: Waarom is moedertaalvaardigheid so belangrik?

A: 'n Persoon wat hom-/haarself goed kan uitdruk, is meer selfversekerd. 'n Kind wat twee tale magtig is, het nog meer selfvertroue, aangesien die beheersing van twee tale voordelig is in 'n multikulturele land soos Suid-Afrika, in die werksplek en op sosiale vlak.

Veeltalige kinders:

- Het meer geleenthede in Suid-Afrika en in die wêreld;
- Presteer beter in sekere verstandelike aktiwiteite as eentaliges;
- Is onbevooroordeeld en meer ontvanklik vir verskillende kulture en perspektiewe; en
- Het 'n meer praktiese ingesteldheid, omdat hulle die vermoë het om deur kommunikasie ander mense te help.

Om kinders slegs Engels te leer in 'n veeltalige land soos Suid-Afrika, kan problematies wees, want sulke eentalige kinders kan sosiaal uitgesluit voel.

afrikaans.com

UKUFUNDISA NGOLWIMI LWEENKOBE
IMIBUZO ELI-10 NEEMPENDULO

1 Umb: Ingaba umtwana wam akayi kusifunda lula na isiNgesi xa ekhuliswe ngesiNgesi?
Imp: Hayi, abantwana abakhuliswe ngolwimi lwabo lweenkobe, banesakhono esibhetele solwimi, kwaye ikakhulu isiNgesi basifunda lula. Bakwanobudlelwane obuhetele nezizalwane zabo. Ndaweni yoko kuyekele kootitshala ukufundisa isiNgesi. Ngabo abaziyo ukuba bakwenza njani oko.

2 Umb: Ingaba umntwana wam akayi kusifunda lula na isiNgesi xa ndinokumfaka kwiklasi yesiNgesi?
Imp: Hayi, abantwana ndaweni yoko baba semva xa kuthe kwafuneka ukuba bafunde ngolwimi lwesibini. Kwaye kuye kube nzima nangaphezulu kubazali ukuncedisa abo bantwana ngomsebenzi wabo wesikolo. Abantwana abafunda ngolwimi lwabo lweenkobe, basibamba lula isiNgesi ze ke ngoko babe lwimi-mbini ngokwamkelekileyo.

3 Umb: IsiXhosa kwiiyunivesithi siphantsi koxinzelelo. Kuya kuthekani ke xa umntwana wam kuthe kwafuneka ukuba afunde ngesiNgesi?
Imp: Ubume bengqondo yabantwana abafunda ngolwimi lwabo lweenkobe buphuhliseke bhetele noko. Basifundiseka lula isiNgesi, baqhuba kakuhle kwaye bavunywa lula kwiiyunivesithi.

4 Umb: Ingaba ingamdida na umntwana wam into yokuba afunde iilwimi ezingaphezu kwesinye?
Imp: Hayi, tu kwaphela. Abantwana bawenza lula umahluko phakathi kweelwimi ezohlukeneyo kwaye bazifunda lula iilwimi ezingaphezu kwesinye ngelixa besakhula.

5 Umb: Ingaba indlela athetha ngayo umntwana wam imbeka eshweni na?
Imp: Hayi, bonke beneendlela ezahlukileyo, ngakumbi abantu abathetha iilwimi ezingaphezu kwesinye. Indlela yokuthetha ayichazi buchule bokwazi komntu ulwimi.

6 Umb: Ingaba iyinyaniso na into yokuba abantwanaabafunda kwizikolo zesiNgesi ikakhulu baqhuba bhetele kunabantwana abafunda kwezinye izikolo?
Imp: Hayi akunjalo. Abantwana abafunda ngolwimi lwabo lweenkobe ikakhulu baqhuba bhetele.

7 Ulwimi lwethu siyaluxuba kancinane ekhaya, Ngaba ke akuyi kuba bhetele na xa umntwana wam ubuncinane enokusifunda kakuhle isiNgesi ngokuthi ahambe isikolo sesiNgesi?
Imp: ZIDLENI ngolwimi eniluthethayo ekhaya kambe mfake kwisikolo okanye iklasi yesiXhosa umntwana wakho. Umntwana uya kukhawuleza ukuziqonda iyantlukwano eziphakathi kweelwimi kwaye uya kukhawuleza ukuba lwimi-ninzi.

8 Umb: Sithetha iilwimi ngeelwimi ekhaya. Loluphi ke ngoku ulwimi lweenkobe?
Imp: Abantwana bakwazi beselula ukwenza umahluko phakathi kweelwimi ngeelwimi ezithethwa kwikhaya labazali. Vumela umntwana wakho ukuba afunde ngolona lwimi aluqonda kakhulu. Cela isikolo ukuba sikuncede ekwenzeni eso sigqibo.

9 Umb: Ingaba umntwana wam akayi kubalwimi-mbini lula na xa sithetha isiXhosa nesiNgesi ngabom ekhaya?
Imp: Loo nto iyasebenza kwamanye amakhaya. Kodwa ngokwenza njalo umntu ukwathatha amathuba, ngoba umntwana uyakwazi ukuzigqibela ngokwakhe ukusebenzisa ulwimi olunye kuphela kwezo lwimi zimbini. Kudla ngokuba lolo lwimi kanye oluba namandla ngaphandle kwekhaya, olo lusisiNgesi. Abo bantwana baba lwiminye ke ngoko.

10 Umb: Kufuneka ndenze ntoni xa umntwana wam ephendula ngesiNgesi xa ndithetha isiXhosa naye?
Imp: Qhubeka ngokuthetha naye isiXhosa. Sebenzisa amathuba apho umntwana kuya kufuneka ethethe isiXhosa ukuze afumane oko akufunayo. Mvuze. Musa ukumohlwaya loo mntwana. IsiXhosa lulwimi olunobuntu.

Abantwana abafunda ngolwimi lwabo lweenkobe nabathi ngaloo ndlela babe lwimi-ninzi:

- bafumana impumelelo enkulu ekufundeni njengoko ingqondo yabo iphuhliseka ngokukhawuleza;
- badla ngokuba nokuzithemba ukogqitha abantwana ekufuneka befunde ulwimi lwesibini;
- banobuchule obubhetele bolwimi kunabantwana abasebenzisa ulwimi olunye kwaye bafunda lula;
- banako ukufikelela amathuba amaninzi eMzantsi Afrika nasehlabathini;
- ababina sheyi lingako, baziqonda bhetele ezinye iink cubeko kwaye neenguqu bazisebenza bhetele.
- Balufunda ngokukhawuleza kakhulu olwimi lwesitha thu kwaye bangabanceda nabanye abantu ekuthetheni.

Kwilizwe elilwimi-ninzi njengoMzantsi Afrika, baba seshweni kakhulu abantwana abakwazi ukuthetha ulwimi olunye kuphela.

afrikaans.com